**Tema:** Geseënd met 'n uitnodiging na Jesus se verjaarsdag
**Skriflesing:** Luk 2:8-10

Ons lees ook Matteus 1:1-17. Matteus was 'n tollenaar voordat Hy 'n dissipel van Jesus geword het. Tollenaars was, om dit lig te stel, glad nie gewild onder hulle eie mense nie. Baiekeer was hulle Jode wat belasting vir 'n heidense regering ingesamel het. Asof dit nie erg genoeg was nie, het hulle te veel belasting ingesamel en die wins in hulle sakke gesteek. Op 'n dag het Jesus vir Matteus raakgeloop en hom geroep om Hom te volg. Dit het Matteus se lewe onherroeplik verander.

Wie nooi jy vir jou verjaarsdag?
Wie sou jy nooi as jy mense na Jesus se geboorte moes nooi? Die persone wat ons die eerste sou nooi sou seker die belangrike mense, die konings, hoëpriesters, Skrifgeleerdes en familiehoofde wees.

Wie was die eerste genooides na Jesus se geboorte?

Die engele kondig sy geboorte aan skaapwagters aan. Skaapwagters was op 'n tyd belangrike mense wat 'n belangrike plek in die samelewing ingeneem het. Miskien het die feit dat Dawid, die grootste koning van Israel, ook 'n skaapwagter was, heelwat hiermee te doen gehad. 'n Skaapwagter in die Ou Testamentiese tyd het sy skape geken en geroep. Die skape het ook hul wagter se stemgeken. Die skaapwagter het voor geloop en sy skape het gevolg.
Skaapwagters het egter geleidelik al minder belangrik geword. Ambagsmanne en later handelaars en staatsamptenare het hoër as hulle op die leer van aansien geklim.
Teen die tyd van die geboorte van Jesus was skaapwagters min of meer op die onderpunt van die sosiale leer. Hulle was arm en is dikwels as skelm beskou. Hulle was so onbetroubaar gewees dat hulle nie in die hof kon getuienis lewer nie.
Hulle is gehuur om ander se skape op te pas. Wanneer gevaar gedreig het, het hulle nie omgegee wat met die skape gebeur nie. Hulle het weggehardloop en die skape aan hul eie lot oorgelaat.

Skaapwagters is verag en het hulle tussen die opdrifsels aan die buitenste rand van die samelewing bevind. Hierdie eenvoudige vuil skaapwagters op wie neergesien is, is die eerste mense wat genooi word. Hulle is eregaste by Jesus se geboorte.

Sterrekykers is deur ster gelei na die kind in die krip. Van die sterrekykers weet ons nie veel nie. Hulle was waarskynlik geleerde manne. Hulle kom uit die destydse Persië, waar Iran vandag geleë is.

Onder die nie-Jode het hulle hoë aansien geniet. Sterrekykers het egter nie ‘n baie goeie naam onder die Jode gehad het nie omdat hulle hul soms met afgodery en towery besig gehou het.
Hierdie elite uit die destydse heidendom, is deur ‘n ster gelei na die krip. Hulle, en nie die kerkleiers of -mense, erken en vereer Jesus as Koning.

Maar Jesus kom dan seker uit ‘n beter familie as die eerste mense wat uitgenooi word na sy geboorte?
Matteus begin die Kersverhaal met ‘n vreemde geslagsregister van die Koning wat binnekort kom. Ek sê “vreemde” want in koninklike geslagsregisters is net die name van die mans genoem. En hierdie manne is sorgvuldig uitgekies as die beste verteenwoordigers van die familie: die belangrikste leiers, die mees invloedryke mense, die rykste konings en die mees voorbeeldige lede van die stam. Hier was nie plek vir swartskape of vrouename nie.

Dit is egter nie waar vir Matteus se geslagsregister nie. Hy sluit almal in. Hier is min name wat ons herken. Hulle is doodgewone mense. Nie een van hulle is volmaak nie. Van hulle is van ‘n ander dam se ganse. Ek noem twee voorbeelde:
Ons lees van Abia in 1 Konings 15 en 2 Kronieke 13. Van sy pa, Rehabeam, lees ons in 2 Kronieke 12:14 dat hy gedoen het wat verkeerd is en hom nie daarop toegelê om na die wil van die Here te vra nie. Abia het al die sondes van sy vader gedoen. Ons lees tog ook die volgende geloofsbelydenis wat Hy in 2 Kronieke 13:10 maak: “Ons dien die Here ons God; ons het Hom nie verlaat nie.” Waar sy pa koud was, was Abia lou in geloof. Hy was nie volkome toegewy aan die Here sy God nie. Sy seun Asa het reg gedoen in die oë van die Here.
Nog ’n voorbeeld is Manasse waarvan ons lees in 2 Kronieke 32 en 33. Hy het die tempel van God doelbewus met afgodsbeelde ontheilig. Hy het afgode aanbid en sy kinders aan afgode geoffer. Die Here het hom vir sy sondes gestraf. Hy het egter berou gehad en is deur die Here begenadig.
Hierdie manne is deel van Jesus se geslagsregister.

Naas die naam van sy moeder, Maria, lees ons van nog vier vroue in sy geslagsregister. Hierdie vroue was almal uitlanders met die een of ander heidense verbintenis. Tamar was ’n Arameër, Rut ’n Moabiet, Ragab ’n Kanaaniet en Batseba was die vrou van Urija, die Hetiet. Drie van die vroue het ‘n twyfelagtige reputasie gehad.
In Matteus 1:3 lees ons van Tamar. In Genesis 38 leer ons haar ken as die vrou met losse sedes wat vir Juda verlei het deur haarself soos ‘n prostituut te gedra.
Ons lees ook van Ragab in die boek Josua. Sy was ’n prostituut en deel van die vyande van Israel.
Verder noem Matteus blatant dat Dawid die vader was van Salomo “by die vrou van Urija”. Dawid was ‘n man na God se hart, maar ook die man wat owerspel gepleeg het met Batseba en haar man, Urija, laat vermoor het.

Rut was van onsuiwer afkoms en moes eintlik nie by die verbondsvolk opgeneem word nie.

Wat is die doel van hierdie vreemde uitgenooides en Jesus se vreemde geslagregister? Mense wat eerste na Jesus se geboorte genooi word, is nie “grand” mense nie. Die familie waaruit Jesus kom, is nie ‘n “grand” familie nie. Dit is doodgewone mense soos ons.

Jesus kom uit ‘n familie soos ons s’n. Jesus kom vir ‘n familie soos ons s’n.

Hy sluit, sonder onderskeid, almal in, die slegtes en die goeies, die voorbeeldiges en die losbandiges, die heiliges en die sondaars. Die fout wat ons dikwels maak is om God vir sekere mense te reserveer. God vir ordentlike mense soos ons. Of God vir die armes of die rykes, God vir die wat vervolg word of die wat vry is, God vir die wat toegewy is of die wat net op Kersdag ‘n erediens bywoon. In meer onlangse voorbeelde maak ons onderskeid tussen God vir hulle wat Geloftedag hou of hulle wat eerder op Versoeningsdag fokus of God aan die kant van Israel of Palestina.

Ons maak onderskeid tussen ons en “hulle”. “Hulle” is mense wat nie “soos ons” is nie. Ons is immers geleer: “Meng jou met die semels dan vreet die varke jou.”
Ons Koning het geen grense nie. Hy bou nie, soos ons, mure tussen mense nie. Hy bou brûe en Hy sluit almal in. Hy nooi almal, ook die semels, om deel van sy familie en geboorteverhaal te wees.

Wanneer ons hierdie jaar by die Kerstafel aansit, onthou dit is nie ek en jy wat die nooiwerk doen nie. Jesus is die Koning. Dit is sy partydjie. Hý doen die nooiwerk. En Hy nooi alle mense om saam met Hom aan te sit.
In plaas daarvan om oor “hulle” te frons, wees eerder dankbaar dat jy, en almal van ons, geseënd is met ‘n uitnodiging na Sy verjaarsdagviering.
Amen